EVALUERING

DOEL VAN SPAGHETTI-A-LA-VORIES
‘n Manier om werk wat gedoen is, te evalueer.

WERKSWYSE

1. Berei ‘n aantal vrae voor oor die werk wat geëvalueer moet word.
2. Sny ‘n aantal stukkies wol (soveel as wat daar vrae is) van verskillende lengtes (van baie kort tot baie lank). Plaas die stukkies wol in ‘n kastrol met slegs die punte wat uitsteek onder die deksel.
3. Deel die kinders in twee spanne en hou ‘n vasvra.
4. Elke keer as ‘n span ‘n vraag korrek beantwoord, mag hulle een “spaghetti” uit die kastrol trek.
5. Aan die einde van die vasvra word al die stukkies wol aanmekaar gebind en die span met die langste stuk wol is die wenner.
6. Die sukses hiervan is seker die feit dat dit nie noodwendig die span wat die meeste vrae korrek beantwoord , die wenners is nie.

Die kinders raak baie opgewonde en vergeet eintlik dat hulle geëvalueer word.